# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 163 21 Junie 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Resultate oppad**

Dit is weer sulke tyd in die bosveld. Die vlakvark beer loop soos 'n gehakte ventertjie al agter die sog aan. Die bere stamp kop en snork vir mekaar. Die rooibokke, njala en ander wild herhaal die liefdesdans. Dit is paartyd. Die resultate van nou se flikflooi sal volgende seisoen se lammers en kalwe wees.

Die veld se sade gaan nou lê en rus; die gras wat saad geskiet het, gaan lankal gevreet wees wanneer die veld se nuwe gras groen uitstoot na genadige reën. Die boere ken ook die siklus van diere en plante; hul gebruik dit om op die regte tyd te saai, te bemes en hul land reg te kry vir die oes. Die spreekwoord is waar op meer as een vlak: Wat jy saai, sal jy maai.

Dit is ook waar van soveel menslike ondernemings. Die grondwerk gaan baie bydra tot die resultaat. Die atleet wat hard oefen, gaan beter vaar as die rusbankruspe wat op die ingewing van die oomblik deelneem. Die bouer wat die fondasie goed grawe en gooi, se gebou gaan hoër kan wees, sal sterker wees, sal die wind en weer kan trotseer.

In verhoudings het ons geleer dat denkende hofmakery en gepaardgaande lewens insette baie huweliks-eelte kan verhoed. Die egpaar wat goed kommunikeer se huwelik gaan die aanslae van angs en druk beter kan weerstaan. Vir enige groep om 'n lang pad saam te stap, is redelike saamstem van belang, is konsensus oor beginsels broodnodig.

Indien daar te veel 'diversiteit' toegelaat word, veral 'diversiteit' ten opsigte van beginsels, is daar reeds 'n wig midde in daardie groep ingeslaan. Wanneer die effek van die wig duidelik word in aksie, is dit omdat een groep dit nie meer kan uitstaan nie en loop. Dit is gewoonlik die groep wat vashou aan die aanvanklike sosiale kontrak, wat nie tuis voel in die 'nuwe' omgewing nie. Dit is hartseer dat die deel van die groep wat die langste vasgehou het aan die aanvanklike konsensus hier ter sprake, as die skeurmakers uitgekryt word. Twee voorbeelde kan hierdie onverkwiklike situasie illustreer.

Die beswaardes wat later die steedsHervormers geword het, dien as eerste voorbeeld. Daar is steeds beswaarde lidmate in die NHKA wat óf hulself troos met die woorde “by ons werk dit darem nie so nie”, óf hulle is bitter ongelukkig en te bang om uit te praat. Die lidmate en ampsdraers wat gekies het om nie beginselverraad te pleeg nie, is nou gelukkig tuis in die GHG. Wie is die ‘skeurmakers’? Dit is net nodig om die Staat van Belydenis na te lees om te sien dat die GHG se standpunt nie geskei kan word van die NHKA se 1995 standpunt nie. Die sogenaamde ‘diversiteit van standpunte’ is maar net afwykings en verdraaiings wat die beginsels erodeer.

Die tweede voorbeeld vind ons in Morelexit. Die NGK gemeente Moreletta park se besluit om die NGK ‘*franchise’* te verlaat, is die gevolg van besluite oor sake soos Skrifverstaan en homoseksualiteit. Die gemeente se liturgie is meer charismaties van aard, maar oor beginsel sake staan hulle steeds by die NGK van die vorige eeu. Hulle word nou as die buffel in die bos geteken.

Beide die GHG en Morelexit is die gevolg van besluite lank reeds geneem. Besluite om meer diversiteit toe te laat. Diversiteit se grense is nie altyd baie duidelik nie, ten minste nie by oppervlakkige ondersoek nie. Die bewering moet gemaak word dat te veel sinode-besluite op grond van verkeerde oorwegings geneem is.

Dit is nie moontlik om die lang pad saam te loop indien die een reisiger oortuig is dat die padkaart korrek is, terwyl die ander een dink dat die kaart dalk net as reis suggestie gesien kan word nie. Ter sprake hier is ‘’n volgende voorbeeld: ‘Die Bybel is God se Woord’ vs ‘Die Bybel is menslike nadenke oor God’. Net een van hierdie twee stellings kan dien as basis vir ’n geloofsgemeenskap. Deur altwee te probeer aanvaar, word die grondwerk gedoen vir ’n skeiding van die weë. Twee uiteenlopende gedagtes kan nie as grondslag dien vir enige persoon of groep nie. Hiermee word nie verder redeneer oor die juistheid van enige van die stellings nie. Wat wel gestel word, is dat grondstellings lei tot twee weë wat onvermydelik op ‘’n gegewe oomblik te anders sal wees om die pad saam aan te durf.

Niemand hoef te wonder oor die onlangse gebeure nie. Die sade is in die vorige seisoen van denke gesaai. Net jammer die skeiding van die weë gaan nie so maklik geskied ten opsigte van eiendomme nie. Morelexit en die GHG gaan dalk nog dieselfde hofstryd moet wen voordat die skrif aan die muur leesbaar word.

Intussen moet hierdie situasie dien as waarskuwing vir alle besluitmakers; wees konsekwent in besluite wat geneem word. Neem die besluite denkend en stadig. Toets elke besluit aan al die rolspelers se gedeelde grondslag. Daardie besluit kan die minuskuul dun wigpunt wees wat alle toekomstige saamstaan verdoem tot ’n band van dwang.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### DS FOURIE TREE UIT

Die Kuratorium het Koersvas in kennis gestel dat ds. Thys Fourie van Pietersburg gemeente besluit het om van lewenstaat te verander. Sy afskeid het Sondag 16 Junie 2019 plaasgevind. Ons gebede gaan met hom en sy gesin op die pad vorentoe. Ons

dra ook Pietersburg se gemeente en die dorp se gemeentes aan die Here op met die besluite wat voorlê rondom bediening in daardie gemeenskap.

**BONDSVERGADERING EN BONDSDAMESBYEENKOMS 2019**

DATUM 8 tot 10 September 2019. (Dames 8-9 September)
PLEK Gemeente Premiermyn
REGISTRASIE Sondag 8 September 2019 vanaf 16:00.
AFGEVAARDIGDES
Die afvaardiging bestaan uit 'n maksimum van:
2 Ouderlinge; 1 Diaken en die Predikant/e.
Indien gemeentes nie finansieel daartoe in staat is om 'n volledige afvaardiging te stuur nie, versoek ons u om asseblief toe te sien dat u gemeente minstens verteenwoordig word. **Die aantal waarnemers word nie beperk nie.**
KOSTES
Die **kostes sal R250** per afgevaardigde beloop. Bondsdames wat slegs vir die Maandag deurkom, se kostes is R180; anders beloop die kostes ook R250.

**Die Bestuurskomitee vergader op 12 Julie 2019 om die agenda vir die Bondsvergadering vas te stel.**

**LEWENSBROOD 2020**

Predikante word daaraan herinner dat die Lewensbrood 2020 se dagstukkies reeds verlede week Vrydag ingestuur moes wees. Ons groot dank gaan aan die oorgrote meerderheid wat reeds gehalte dagstukkies ingestuur het.

**BYBELVASVRA 2019**

Die aanvanklike datum van 2 Junie 2019 word verander na die ***NUWE DATUM VAN 21 JULIE 2019.*** By hierdie geleentheid sal die finale rondte geskied. **Ds Dirk van Rooyen**

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**
**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk **ella@teamworkprinters.com**


VLEISRAS
LANDRAS
½ OF HEEL VARK TE KOOP
PRYS: R40 p/kg
DATUM VAN AFLEWERING: Sal deurgegee word sodra bestellings voltooi is
AFLEWERINGSPUNT: Pretoria soos ooreengekom
BETALING: EFT
BEPERKTE VOORRAAD
9 beskikbaar tussen 50- en 70kg of halwe
tussen 25- en 35kg
7 beskikbaar slegs heel tussen 28- en 35kg
ONDERSTEUN JOU
SAK EN DIE BOER
&
BESTEL DIREK VAN
DIE BOER
HartsWil Boerdery
Varke word opgesaag
soos versoek!
PLAAS BESTELLING BY
RONéL SELNO. 0827873680


Hervormde Gemeente Vrede
Voëljag ter waarde van R9 000 - 3 jagters
Pryse is nie verhandelbaar of oordraagbaar nie.
Die beoordelaars se beslissing is finaal.
Trekking vind plaas op 15 Junie 2019
JAGPAKKET:
19-20 Julie 2019
Akkommodasie by Waterfront
Gastehuis te Emanzini, Vrede
1ste Prys: Tarentale
Fisante
Patryse
2de Prys: 1 Blesbokkarkas
3de Prys: Slagvark
BANKBESONDERHEDE:
Hervormde Gemeente Vrede
Standard Bank
Vrede 051 001
Verwysing: Naam, Van en selnr.
Stuur bewys van betaling na
ernst.bosveld@gmail.com
Ernst Lombard: 082 645 1343
R200 per kaartjie


COUNTRY SPECTACULAR!
MANIE JACKSON
LANCE JAMES
BARBARA RAY
CLIVE BRUCE
TOMMY DELL
AND THE
Rodeo Girls
MORE THAN
40
YEARS
16h00 - 20h00
Saturday 22 June 2019
Mayfair Village
PLOT 47, NOOITGEDACHT, KLERKSDORP
Bookings: 083 383 4312
Country at its Best!